# HOOFSTUK 4

## DIE IMPLIKASIES VAN DIE EKSISTENSIETEOLOGIE VIR DIE GODSDIENSONDERRIG

### 1 Inleiding

Dat hierdie sg. vernuwingsteologie nie maar 'n modeverskynsel is nie, blyk uit die massale versprei= ding daarvan oor die hele wêreld. Daar word reeds teenswoordig taamlik algemeen van die post-christelike stadium van die geskiedenis gespreek. Oor die wêreld is daar tans 'n drukke dialoog aan die gang wat 'n fun= damentele herinterpretasie ten doel het m.b.t. die Christendom. In teologiese (vakwetenskaplike sowel as populêre) sowel as in opvoedkundige geskrifte word wyd en diep pleit gevoer vir 'n herbenadering van die Bybel en die moderne mondige mens. Die kind van die vierde mens vereis 'n nuwe benadering en die Skrif moet vir hom herinterpreteer word ten einde vir hom, op sy weg na gesekulariseerde mondigheid, enige rele= vansie te hê.

In die afgelope tyd het talle Godsdiensonderrig= handboekies verskyn wat onteenseglik die trekke van die moderne eksistensieteologie vertoon. Ook in tyd= skrifte, godsdienstig en opvoedkundig, verskyn in toe= nemende mate artikels wat daarop gerig is om die moder=

ne onderwyser in die Godsdiensonderrig leiding te bied m.b.t. die eksistensiële benadering en verklaring van die Skrif.

As hier op die implikasies van die eksistensieteo=logie vir die Godsdiensonderrig gewys word, word dit hoofsaaklik gedoen aan die hand van voorbeelde soos dit teëgekom is in 'n aantal nuwere Godsdiensonderrighand=boekies en in gondsdienstige en opvoedkundige tydskrif=te.

Die bedoeling is dus nie om hier afleidings te maak m.b.t die <u>moontlike</u> implikasies van die eksisten=sieteologie vir die Godsdiensonderrig nie, maar eerder die <u>werklike</u> implikasies aan die hand van voorbeelde aan te dui. Sommige van hierdie implikasies is ska=delik en ontoelaatbaar, andere weer aanvaarbaar en verrykend. In hierdie hoofstuk word die implikasies egter nie beoordeel nie, net aangetoon. Kritiese waardering daarvan vind in die volgende hoofstuk plaas.

Waar voorbeelde van die hdendaagse teologiese be=nadering in die Godsdiensonderrig hier na vore gebring word, moet natuurlik nie aanvaar word dat al die skry=wers van aangehaalde werke noodwendig die eksistensie=teologie in al sy verskyningsvorme onderskrywe nie. Verder is sekere standpunte wat deur moderne skrywers bepleit word natuurlik veel ouer as die eksistensie=teologie en oorspronklik uit ander rigtinge geïnspi=reer. Omdat hierdie standpunte egter deur die eksis=tensieteologie oorgeneem is of onderskryf word en juis in ons tyd sterk na vore kom, is dit tog heel gepas om hulle hier te bespreek.

Hoewel daar nog nie (op hierdie stadium) enige

beduidende aanduiding gevind kon word van eksistensia=
listiese Skrifverklaring in Afrikaanse handboekies vir
Godsdiensonderrig of in artikels van godsdienstige aard
nie, is dit tog dwingend noodsaaklik dat in ons land
van hierdie tendense kennis geneem word; eerstens, om=
dat dié invloede een of ander tyd duidelik(-er) na vo=
re sal tree en tweedens, omdat boekies en tydskrifar=
tikels in die Engelse taal vir 'n groot deel van ons
bevolking nie net toeganklik is nie, maar selfs reeds
vir gebruik in die betrokke skole aangebied word. Som=
mige van die boekies wat in hierdie hoofstuk illustra=
tief aangehaal word, is ook reeds deur die Transvaalse
Onderwysdepartement vir gebruik in openbare skole goed=
gekeur. Via hierdie Engelse literatuur vind die mo=
derne tendense ook maklik toegang tot die Bantoe- en
Kleurlingskole. 'n Inspekteur van Bantoe-onderwys
het bevestig dat die tipiese eksistensialistiese Skrif=
verklaring reeds by sekere opleidingskolleges en skole
ingang gevind het. Gesprekke met dosente aan 'n
Onderwyskollege vir Engelstalige blankes het verder
aan die lig gebring dat die eksistensialistiese bena=
dering van die Godsdiensonderrig by die betrokke inrig=
ting simpatiek bejeën word.

Sonder om dadelik kommentaar te lewer, word dan
verderaan aangetoon hoe die sg. „vernuwingsteologie"
reeds 'n sterk houvas op die Godsdiensonderrig in die
algemeen verkry het. In die volgende hoofstuk eers
sal dié tendense aan kritiek onderwerp word ten einde
vas te stel of daar vir ons iets te leer is by dié
moderne rigting of nie. In die laaste hoofstuk sal
dan gepoog word om aan te toon hoe die positiewe ele=
mente van dié rigting wel geïmplementeer kan en moet

word en hoe die negatiewe invloed teengestaan kan en moet word.

Daar word dan agtereenvolgens gelet op die impli= kasies van die eksistensieteologie vir die doel van die Godsdiensonderrig, vir die kind wat godsdienstig opgevoed moet word, vir die inhoud van die godsdiens= tige opvoeding, vir die metode van Godsdiensonderrig en vir die onderwyser.

## 2. Die doel van die Godsdiensonderrig

Die doel van die Godsdiensonderrig hang ten nouste saam met die doel van godsdiens in die algemeen, en in ons tyd word lg. onder invloed van die eksistensialis= me gesien as „a way of life, an attempt to try to un= derstand God and to conduct our lives in a just and honest way in accordanse with his will."[1] Die voor= rang wat die Christelike godsdiens bo ander godsdiens= te verdien, sou dan berus op die feit dat die ander nie aandag skenk aan sedelike wette en 'n edele leefwyse nie. Die feit dat die Christelike godsdiens beklem= toon dat God geïnteresseerd is in die wyse waarop men= se nie net teenoor Hom nie, maar ook teenoor mekaar optree, word as 'n besondere bydrae van die Hebreërs gesien - dit is 'n bydrae in die religieuse ontwikke= ling van die mens.[2]

In ooreenstemming met die tendens in die moderne teologie om die medemenslikheid hoog aan te slaan, word van onderwysers in die Godsdiensonderrig verwag om die

1) Hartley, J. The story of the Scriptures, IV, p. 33.
2) Loc. cit.

groot doel van die godsdiens, dus ook van die Godsdiensonderrig, te sien as liefde en wel met die nadruk op naasteliefde. Hierdie naasteliefde (Gr. „agape", nie „eros" of „philia" nie) word gekenmerk deur altruïstiese naastediens, hoflikheid, konsiderasie en verdraagsaamheid. Dít moet voorgehou word as „die smal pad" wat toegang verleen tot die ewige lewe.[3)]

Die doel van godsdiens word bo alles gesien as die volg van die voorbeeld van Jesus, in besonder sy betoning van naasteliefde. Die voorbeeld van Jesus moet dus ook as ideaal aan die leerlinge voorgehou word.[4)] En die hoofsom van die boodskap van Jesus Christus is: „How much do you love?" En daarom moet 1 Kor. 13 steeds as ideaal voorgehou word: „Each time, ask yourself, 'Is this the standard by which I try to live?' - and, in so doing, you will come nearer to understand the message of our Lord". Die bekende woorde van Augustinus („Jy moet God liefhê en doen dan verder wat jy wil"[5)]) word heel gemaklik aan die kinders voorgehou met weglating van die woordjie „God": „Love, and then, what you will, do."[6)]

Die klem in die godsdiens sowel as in die Godsdiensonderrig val nie soseer op geloof nie as op diens, want in woord en in voorbeeld het Jesus aan sy dissipels (en aan ons) duidelik gestel dat om ware volgelinge van hom te wees „they had to be prepared to live by

3) Id., The story of the Scriptures, VII, pp.101-107.

4) Ibid., p. 144.

5) Wurth, G. Brillenburg, Christelijke zedenleer, p.45

6) Hartley, J. The story of the Scriptures, VII, p. 144.

the same rule of love, forgiveness and self-denial which was to take their master to suffering and agonising death" - soos Christus, die ou martelare, Bonhoeffer (wat in 1945 deur die Nazi-bewind in Duitsland opgehang is) moet die Christen bereid wees tot „a life of service to God and to our fellows, at whatever cost to ourselves."[7]

In ooreenstemming met die eksistensialistiese beginsel van selfverwerliking in vryheid as eintlike eksistensie om aldus jouself te word,[8] word in die onderwys, meer spesifiek ook in die Godsdiensonderrig as sentrale doel gesien: „Become what thou art" - „For education really means the process of leading out the potentials within every child" en die eintlike taak van die onderwyser „is essentially that of nurturing the potential of the whole person."[9]

In ooreenstemming met die eksistensialistiese verfoeiing van alle sistematiek en algemene wetmatighede[10] word duidelik aan die opvoeder voorgehou dat hulle wat die sin van die lewe soek (en dit word telkens as hoofdoel van die godsdienstige onderrig gesien) „can find it no longer in the traditional doctrinal assertions", en, hoewel 'n radikale breuk met alle tradisie nie noodwendig vereis word nie, word tog duidelik aan die onderwyser in die Godsdiensonderrig voor=

7) Ibid., pp. 142, 143.

8) Gunter, C.F.G. Opvoedingsfilosofieë, p. 265.

9) Fletcher, Catherine, New Frontiers in ethical and religious education. The Transvaal educational news, LXIII(5): p. 8 Mei 1967.

10) Spier, J.M. Calvinisme en existensie-philosophie, p. 13.

gehou: „it is surely clear that we can no longer identify religious education with instruction in a particular religion, or of a particular denomination."[11)]

'n Nederlandse opvoedkundige, J.W.F. te Woerd, voel weer bekommerd daaroor dat daar in die skole oor die algemeen te weinig vanuit die skoolpraktyk self gedink word en daarom pleit hy daarvoor dat die Godsdiensonderrig en kategese meer 'n onderwys moet word wat diensbaar is aan die groei na volwassenheid.[12)] Hierdie uitspraak is duidelik in lyn met die uitsprake van eksistensiële denkers wat die doel van alle onderwys, dus ook die einddoel van die Godsdiensonderrig sien as „geestelike volwassenheid" of „volwassewording"[13)]

Volgens die eksistensiële opvoedkundige, Nic Perquin, 'n Katolieke Nederlandse geleerde wat reeds uiters noemenswaardige bydraes tot die opvoedkunde gelewer het, is die doel van die opvoeding die volwassenheid, in die geval van die Godsdiensonderrig: godsdienstige of geloofsvolwassenheid.[14)] En nou pleit te Woerd daarvoor dat, al sou mens dit in hierdie lewe nooit volledig bereik nie, daar tog 'n moment is dat die jeugdige tot persoonlike verantwoordelikheid in staat is. Te Woerd betwyfel dit sterk of die huidige skoolbedryf (oor die

11) Fletcher, Catherine, loc. cit.

12) Te Woerd, J.W.F. Katechese en vernieuwing. School en godsdienst, 22(2): p. 75, Febr. 1968.

13) Vgl. Gunter, C.F.G. Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, pp. 10, 18; Oberholzer, C.K. Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek, pp. 335, 359; verder: Langeveld, M.J. Beknopte theoretische paedogogiek en Oberholzer, C.K. Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde.

14) Perquin, N. Paedagogiek, p. 43.

algemeen) werklik tot persoonlike verantwoordelikheid opvoed en spreek selfs die bedenking uit dat die kli=maat van die onderwys vandag juis miskien die opvoeding tot verantwoordelikheid vertraag.[15)]

Die doelstelling van naasteliefde en medemenslik=heid in die Godsdiensonderrig word soms selfs so skerp (en breed) gesien dat ontmoediging van anti-Semitisme ook as 'n doelstelling van die vak gesien word. Vol=gens Jean L. Holm, skrywer van 'n besonder interessan=te, diepgaande, omvattende, ryk en sinvol geïllustreer=de reeks handboekies in Godsdiensonderrig, sê hiervan „Anti-Semitism is often encouraged unwittingly, even by the best intentioned teacher. The Jews tend to emerge from Religions Education lessons as villains - hypocritical, stubborm, wicked - whereas, in fact, in New Testament times Judaism was the highest form of religion known to the world and many of the noblest Gentiles were attracted by the purity of its monotheism and its high moral standards. This is not to deny that Jesus did face bitter opposition from some of his fellow countrymen, but it is important that children should realise that Jesus himself was a Jew, as were all his disciples and, for some time after Pentecost, all the first Christians."[16)]

Samevattend kan die doelstelling van die Gods=diensonderrig, soos gestel deur eksistensiële opvoed=

15). Te Woerd, J.W.F. Katechese en vernieuwing. <u>School en godsdienst</u>, 22(2): p. 76, Febr. 1968.

16) Holm Jean L., Teacher's handbook to the Phoenix Series, pp. 3, 4.

kundige denkers van ons tyd, dan lui: Die doel van die Godsdiensonderrig is die aankweek van naasteliefde (gekenmerk deur naastediens, konsiderasie, hoflikheid en verdraagsaamheid); die navolging van die voorbeeld deur Jesus gestel, veral in sy opofferende naasteliefde aan sy medemens; die ontwikkeling van die potensialiteite van die hele persoon sodat hy in staat sal kan wees om homself in vryheid en verantwoordelikheid te verwesenlik en verwerklik in hierdie lewe; Verder moet die Godsdiensonderrig diensbaar wees aan die groei na geestelike en godsdienstige volwassenheid - en dit alles moet dan bereik word in 'n nie-dogmatiese en non-konfessionele sfeer.

## 3 Die kind

Volgens die hedendaagse eksistensifilosowe het die mens sy gevoel van veiligheid en geborgenheid verloor - en die plek daarvan het angs en vertwyfeling gekom.[17] Die konkrete, diepe bestaan van die menselewe staan as beheersende faktor in die branding van alle besinning;[18] Die hele mens word in sy eksistensie betrek en die nadruk val op die konkrete, die konkreet persoonlike, die beslissing van die hele mens. Die konkrete individuele mens „in sy besondere situasie in die wêreld van waaruit hy steeds besig is om homself te verwesenlik" is die uitgangspunt van die wysgerige denke in die opvoedkunde van ons tyd.[19] Die kind as uitgangspunt

17) Van Peursen, C.A. Korte inleiding in de existentiephilosophie, p. 8-9.

18) Ibid., p. 11.

19) Gunter, G.F.G. Opvoedingsfilosofieë, pp.247, 248

vir die opvoedkunde en opvoeding is vir die eksisten= sialis een konkrete mens, 'n onskeibare eenheid van soma, psige en pneuma, hý is deurleefde liggaamlik= heid[20] wat van homself bewus kan word deur oriënte= rend, gerig en handelend op te tree.[21] Verder is die belangstelling van die eksistensialistiese op= voedkundige op die konkrete, individuele kind in sy situasie in die wêreld gerig [22] en in hierdie wêreld is die kind as't ware 'n geworpene.[23] In sy gewor= penheid is hy egter nie alleen nie - hy is afhanklik van die ander mense wat om hom bestaan. Sy verhou= ding tot die bestaan van die ander mens (Dasein) is 'n essensiële deel van sy eie eksistensie, wat 'n saam= wees met andere (Mitsein) is.[24] Vir Jaspers is mens= like bestaan 'n bestaan met andere in die wêreld.[25] Volgens Sartre is die mens selfs gedoem om op die an= dere gerig te wees.[26] En deur middel van koëksis= tensie ontdek hy sy eie eksistensie, aldus Jaspers.[27]

Hedendaagse predikers en opvoedkundiges pleit dan ook daarvoor dat daar eers bepaal moet word wat vir die moderne mens in sy situasie aanneemlik is, daarna moet die gereduseerde waarheid van die Skrif wat be= vatlik is vir die moderne mens, hom aangebied word in

20) Ibid., pp. 246, 250, 254, 255.
21) Ibid., pp 248, 249, 254, 255.
22) Ibid., p. 250.
23) ibid., p. 267.
24) Ibid., p. 255, 256.
25) Ibid., p. 256.
26) Ibid., p. 257.
27) Ibid., p. 272.

verkondiging en Bybelles.[28] Dit sluit aan by die korrelasiemetode van Tillich vir wie dit daarom gaan dat die vrae wat uit die eksistensie van die mens op= kom, geformuleer moet word en dat dan vanuit die Bybel die antwoorde daarop verstrek moet word. Die inhoud van die Bybelles moet bepaal word volgens die vrae wat daar by die kind as hoorder daarvan bestaan. Waar die moderne mens (waarby die kind ingesluit is) meer en meer net oog en begrip vir hierdie wêreld het, en aan= gesien sy denke bepaal word deur die positiewe, die voorhandene, die sigbare, moet alles wat tot die ander wêreld behoort, dus ook God, uit die verkondiging en uit die Bybelles uitgesluit word.[29]

Die Godsdiensonderrig moet aansluit by die nood van die moderne kind as ontredderde „geworpene" in 'n bepaalde wêreldse situasie. Emil Brummer beklemtoon in besonder die nood en die hulp uit die nood as kern= boodskap van die evangelie. Die kind moet dus by im= plikasie vir die ontvangs van die Bybelboodskap, die evangelie, ontvanklik gemaak word deur hom eers van sy nood bewus te maak en dan moet die Woord van God op die nood antwoorde verskaf.[30]

In ooreenstemming met die eksistensialistiese an= tropologiese konsepsie van die eenheid van soma, psige en pneuma, waarby die geestelike as die omvattende, verdiepende, alles-deurlewende en eintlike kern van die menslike eksistensie gesien word. (soos vroeër in

28) Van Zyl, F.J. Die reformatoriese verkondiging en hedendaagse mens-beskouing. Hervormde Teologiese Stu= dies, 23(3): p. 114, s.j.

29) Ibid., p. 115.

30) Ibid., pp. 115, 116.

hierdie onderafdeling oor die kind bespreek), pleit 'n opvoedkundige soos Catherine Fletcher, 'n vername Engelse onderwyskundige, dat daar in die Godsdiens=onderrig meer met die integrale inter-afhanklikheid van genoemde drie aspekte van die kind rekening ge=hou moet word:

> „The traditional trilogy of body, mind and spi=rit is being reaffirmed in the context of con=temporary insights, and more and more evidence is accruing to affirm the integral interdepen=dence of these aspects of our being and of ways in which we can achieve the balance that results in the vitality of physical, mental and spiritual health, in creative and responsible living.
>
> „So that the teacher's job is essentially that of nurturing the potential of the whole person. Education reflects all too often the limited objectives of those who see it as a means of passing examinations, and so emphasise the cog=nitive prosess out of relation to the dynamics of personality. Yet there are many teachers implicitly aware that it concerns the nurturing of body, mind and spirit. And this makes it all the more important that we have a clear articulation of what this means. The chal=lenge is of course immense, yet it holds out such hope, and such a fundamental reconcilia=tion for these who are seeking the meaning of life, and can find it no longer in the tradi=tional doctrinal assertions."[31)]

Verder is daar reeds aangetoon hoe daar 'n gees van sinloosheid, apatie en verveling by die mens van ons tyd heers. Die jeug is allermins vry hiervan.[32)]

31) Fletcher, Catherine, op. cit., p. 8.

32) Loc. cit.

Fletcher is van mening dat dit 'n uitdaging aan skole, kerke en onderwysopleidingsinrigtings stel wat op niks anders neerkom as om die jongmense in die sin van die lewe te inisieer nie.[33] Die Godsdiensonderrig moet dus pedosentries wees en dan met die bedoeling om die kind die betekenis van die lewe te laat insien. En sodanige taak kan slegs deur die toegewyde onderwyser verrig word. Ignace Lottmann en Hans Koenen is dan ook van mening dat die Godsdiensonderrig steeds daarop gemik moet wees om die bestaan van die opvoedeling te verhelder. Volgens hulle neem die Bybel die menslike ervarings ernstig en wil daarvoor iets sê wat die mens, en in die Godsdiensonderrig: die kind, verder wil help. Die jongmens is daarmee gediend om die Bybel so te hoor dat die vermoede in hom kan groei wat dit beteken om gelowige in hierdie wêreld te wees.[34] Die Gods=diensonderrig moet dus gerig wees op bestaansverhel=dering vir die leerling.

Daar word in ons tyd ook geweldig pleit gelewer daarvoor dat die Godsdiensonderrig ten intiemste in=gebed moet wees in die konkrete situasie van die kind in hierdie wêreld. Die vraag word vry algemeen ge=stel of die Bybel vir kind en onderwyser werklik 'n bron van inspirasie is in die moderne lewensituasie. Lê dit nie alte veel as 'n „Fremdkörper" in die maat=skappy nie? Dat die Bybel wel in ons tyd bewierook word in die skool kan nie ontken word nie, maar word

33) Ibid., pp. 8,9.

34) Lottman, I. & Koenen, H. Mensenkennis en Godsbeeld in de Josefcyclus. VERBUM, XXXV(3), p. 100, Maart, 1968.

dit wel beleef?[35] Die wyse waarop in die Godsdiens=onderrig in Nederland, en elders met die Bybel omgegaan word, laat Lottmann en Koenen byna die indruk kry: „Het heeft met de polsslag van het moderne leven amper iets van doen!"[36] Te dikwels word die Bybelles 'n relaas oor vreemde mense uit 'n vreemde land uit onwesenlike tye. Die Bybel word deur te veel onderwysers beskou as 'n arsenaal van wetenswaardighede, 'n reeks „weet=jies", wat met die lewe in 'n konkrete situasie weinig te doen het. Volgens genoemde skrywers kan die By=belles pas sinvol word insover dit ten dienste staan van die vorming van die kind in 'n spesifieke situasie.

Met betrekking tot die konkrete situasie van die kind en die Bybelonderrig, meen Lottmann en Koenen dat die Bybel twee dinge doen: dit verwoord die ervarings van die mens, maar spreek ook 'n oordeel daaroor uit - ons kan dus onsself in die Bybel herken, maar ons kan ook aanstoot daaraan neem. Volgens hulle lê die Ka=tolieke meer klem op eersgenoemde en Protestante op laasgenoemde. Deur so 'n eensydige keuse word die Bybelse boodskap dan uit sy voeë gelig. Deur eers=genoemde benadering word die Bybel bloot 'n vertelboek vir kinders wat geen krag op die lewe uitoefen nie, en deur laasgenoemde benadering word dit weer 'n boek wat steeds haaks op die lewe van die mens staan om voortdu=rend téén hom te getuig - so word die Bybel dan ook steen des aanstoots op die weg van die volwassewordende

35) Lottmann, I. & Koenen, H. De Bijbel in de Kateche=se - kriterium voor het gebruik. VERBUM, XXXV(3), p.90, Maart, 1968.

36) Ibid., p. 91

kind. Albei benaderinge bevat dus, volgens Lottmann en Koenen, gevare: Word die Skrif in die Bybelles te veel na die hand van die kind gestel, het dit spoedig vir hom niks meer te sê nie; laat die onderwyser die Skrif slegs ergernis gee, dan luister die kind op die duur nie meer nie. Om aan die Skrif reg te doen, moet ons die moment van herkenning sowel as die moment van teëspraak as één geheel op die leerling in sy situasie laat afkom.[37)]

Dit skyn vir genoemde twee skrywers asof daar 'n derde manier van verstaan is waarby die Skrif 'n van=selfsprekende rol vervul en meer 'n begeleidingsver=skynsel van die lewe is; só sal daar dan geen kloof tussen die lewe en die Boek van die lewe wees nie; moeiteloos herken mens dan in dié Boek van die lewe sý lewe en word mens in sy lewe steeds weer aan die Boek herinner. Boek en lewe, die konkrete lewe in elke besondere situasie, hoort eenvoudigweg net byeen. Die Jode, wat voortdurend in hulle bestaan die Hamans en die Purimfeeste, die farao's en die Mosesse sien, word as voorbeeld voorgehou van wat die leerling voort=durend ingeskerp behoort te word. Hulle pleit daar=voor dat die Bybel vir ons minder van 'n handves moet word en dat ons kinders meer geleer moet word om van=uit die Bybel te lewe. Die jeug van ons tyd moet die Bybel en sy boodskap in hulle eie situasie herken en ook die appél hoor wat daarin klink, dan word die Bybel 'n lewensvatbare entiteit. Dus: aan die een kant moet die situasie geëerbiedig word en aan die an=der kant moet die mens vanuit die situasie verder ge=

37) Ibid., pp. 91-93.

voer word. „Het lijkt ons". sê hulle, „een gezonde stelregel om de Bijbel alleen dan te openen als hij niet uit de lucht komt vallen, maar aansluiting kan vinden by de gegeven situatie" - só kan baie verhale uit Genesis, met name byvoorbeeld die Josefsiklus, by die grenssituasie aansluit. By 'n diskussie oor oor=log en vrede kan die profete nuwe wending aan die ge=sprek gee, bv. profesieë oor Juda en Jerusalem van Je=saja of profesieë van Amos, of die bergpredikasie van Jesus. Die twee skrywers waarsku dan natuurlik ern=stig daarteen dat die Bybel nie gebruik mag word as illustrasiemateriaal van wat die onderwyser eintlik self wil sê nie. Steeds moet hy getrou bly aan die ontstaansgeskiedenis van die Bybel self. Die Bybel het immers gegroei uit soveel konkrete situasies wat die gelowige deurlewe het en uit die talle herinneringe aan die diverse situasies - al hierdie dinge het hulle neerslag in die Bybel gevind, en daarmee moet terdeë rekening gehou word.[38)]

Verder wys hulle daarop dat die Bybel só met beide bene op die grond staan dat geen enkele menslike werk=likheid daarvoor vreemd is nie en hierdie Bybelse trou aan die konkrete situasie sal toetssteen moet wees vir die hantering van die onderwyser in die kategese.[39)]

Die implikasies van die eksistensiefilosofie vir die kind as opvoedeling in die Godsdiensonderrigles kan dan ten slotte soos volg saamgevat word: Die kon=krete situasie van die kind as geworpene in hierdie wêreld, die kind met sy node en angste, met sy grens=

38) Ibid., pp. 94, 95.

39) Ibid., p. 95.

situasieprobleme moet die uitgangspunt in die Bybelles wees; die Bybelse boodskap moet gerig wees op die kind in nood, die kind as somaties-psigies-pneumatiese eenheidstotaliteit van wie die potensialiteite as eenheidspersoon ontwikkel moet word; hierdie kind se bestaan moet deur die Godsdiensonderrig verhelder word sodat hy die sin daarvan sal insien - dit moet bereik word deur die kind die Bybel te laat beleef i.p.v. dit te beluister.

## 4 Die inhoud van die Godsdiensonderrig

Die belangrikste implikasies van die eksistensieteologie vir die Godsdiensonderrig word teëgekom op die terrein van die inhoud van Bybel- en Godsdiensonderrig, d.w.s. die inhoud van die Bybel.

Hier sal nou eerstens aangetoon word wat die algemene aard van die implikasies van die eksistensieteologie vir die inhoud van die godsdienstige opvoeding (in die skool veral) is; daarna word kortliks aangetoon hoe die nuwere beskouings die Skrifbeskouing, wat in 'n groot mate bepalend is vir die aard van die Godsdiensonderrig, raak; vervolgens word die implikasies van die nuwere Godsbeskouing aangedui; heelwat aandag sal gegee word aan die wyse waarop volgens eksistensieteologies-georiënteerde opvoedkundiges die Bybelinhoud vir die moderne kind verklaar behoort te word; ook die implikasies vir die geloofs- en sedeleer op skool word kortliks aangedui.

### 4.1 Die algemene aard van die implikasies van die eksistensieteologie vir die Godsdiensonderrig.

Daar word in ons tyd gepleit vir 'n op die toe=komsgerigte herinterpretasie van die waardes van die verlede. So moet dan ook, in die Bybelles, die heils=historie vir die hier en die nou herinterpreteer word. Schillebeeckx beskou die moderne gesekulariseerde be=staanservaring per definisie as kritiek, nie (soos ate=ïste dink) op die oorgelewerde godsdiens in geloof self nie, maar wel as kritiek op die uit die verlede stam=mende uitdrukkingsgestalte daarvan.[40] Die huidige krisis is, volgens Schillebeeckx, 'n gevolg van die breuk tussen menslike ervaring en Christelike geloof. Wie dan daarvan uitgaan dat so 'n breuk bestaan, moet vroeg of laat tot die insig kom dat die Christelike geloof 'n nuttelose bo-bou is op die menslike realiteit. En nou voer hy pleit vir 'n „natuurlike teologie" (nie in tradisionele sin bedoel nie); hy meen dat die feit dat elke mens 'n onvoorwaardelike vertroue in die gawe van 'n sinvolle toekoms het, geen illusie is nie, geen projeksie van wensdrome wat uit frustrasie spruit nie, maar dat dit 'n objektiewe grond het in die ervare werk=likheid: want daarin, sê hy, manifesteer die komende God Self, as die afwesige, tog op intieme wyse sy na=dering. Daarom pleit hy dat daar vanuit ons sekulêre ervarings 'n rasionele weg, binne die geloof, na God aan te wys moet wees, 'n weg wat weliswaar nie tot die heil voer of lei nie nie, maar wel die geloof in die heil wat God ons in Jesus gee, tot 'n volwasse, menslik sinvolle daad maak.[41]

40) Schillebeeckx, E. Zwijgen en spreken over God in een gesekulariseerd wereld. Tijdschrift voor theologie, 7(4): p. 348, Okt., Nov., Des. 1967.

41) Ibid., pp. 350-352.

Schillebeeckx beskou die feit dat die mens weier om aan die kwaad 'n plek te gee in eie lewe en in dié van die samelewing, asook die bestryding daarvan waar dit ookal na vore kom, as 'n uitdrukking van sy ver= troue dat die goeie die laaste woord moet hê, as 'n on= voorwaardelike vertroue op God, as geloof dat die menslike eksistensie 'n heilsbelofte is. Dit kom tot uitdrukking in die mens se poging om die kwaad, selfs die dood, te oorwin. Maar dat menswees - die onmoont= like - tog moontlik is, verneem ons pas in geloof uit die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus.[42)]

En nou pleit Schillebeeckx daarvoor dat die konin= kryk van God nie na die hiernamaals verplaas moet word nie - die liefde en vrede, die geregtigheid en die tra= neloosheid (2 Petr. 3:13; Openb. 21:4) van die Konin= kryk van God moet hier beoefen word as begin, as inset van die eschaton: „..... de hoop op het radicaal nieu= we eindrijk geeft hem (die Christen - J.H.v.W.) de sti= mulans om zich neer te leggen bij een op deze wereld reeds behaalde overwinning..."[43)]

In sommige van die ondergenoemde voorbeelde van „Bybelverklaring in moderne baadjie" vir kinders in die skool, klink die grondtoon van die uitsprake van Schil= lebeeckx, hierbo aangedui, steeds op. Uit verskeie oorde word gepleit vir 'n redelike geloof. Daar word selfs geëis dat die Bybelkritiek op skool ingevoer moet word ten einde naïwiteit te orwin.[44)] Waar hierdie dinge as behoefte aangevoel word, verleen die eietydse

42) Ibid., p. 351.

43) Ibid., p. 352.

44) Bergmann, G., op. cit., p. 8.

teologie natuurlik die gevraagde hulp, soos duidelik na vore tree in die voorbeelde verderaan vermeld.

Leidsliede op die gebied van die Godsdiensonder=rig beklemtoon dit dat Jesus en sy dissipels ons on=teenseglik leer dat „only through service can man find his freedom".[45] Die aard van die moderne Gods=diensonderrig word dan ook, soos later sal blyk, geken=merk deur 'n strewe na toegewyde naastediens.

Sonde, soos blyk uit die moderne Godsdiensonder=rigboekies, word nie gesien as iets wat gedoen of nie gedoen word nie, maar as iets wat mens is. Dit is 'n sielstoestand, soos wanneer die liggaam siek is. Verkeerde dade (kul, baklei, haat, ens.) is simptome van 'n siek toestand van die siel netsoos strawwe pyn, koorsigheid of vomering simptome is van 'n siektetoe=stand van die liggaam - dit vereis behandeling. Die weg tot genesing is dan nie behandeling van die simp=tome nie, maar die diagnosering van die onderliggende oorsaak en behandeling daarvan. Behandeling bestaan dan daarin dat die sondaar gehelp moet word om homself te genees deur hom tot die besef te bring dat sy son=dige dade spruit uit 'n innerlike geestesgesteldheid. Sodra iemand sy eie hulpeloosheid besef, sal hy diep=gaande berou toon en dan sal hy die vergifnis van God ervaar.[46]

## 4.2 Skrifbeskouing

45) Philpott, R.V. What God has done. Teacher's notes, p. 39.

46) Hartley, J. The story of the Scriptures, pp. 115-123.

Die Skrifbeskouing van die eksistensieteologie, soos in die vorige hoofstuk geskets, tree duidelik na vore in die hedendaagse Godsdiensonderrig. 'n Goeie voorbeeld daarvna word gevind by John Hartley: Hy be=skou die Bybel (en so leer hy die kinders in sy Gods=diensonderrig) nie as „the Book of God" nie, aagesien, volgens hom, sodanige beskrywing probleme oplewer en in die verlede baie verwarring gestig het. Die Bybel moet eerder beskou word as „a book <u>about</u> God", wel deur Hom geïnspireer. Geïnspireerdheid beteken dan dat mens die idee van geloof èn die soeke na God soos 'n goue draad deur die hele Skrif vind, of die betrok=ke gedeelte nou ookal verhale, profesieë, verslae of liedere is. Omdat hierdie geskrifte die werk van men=se soos onsself is, bevat hulle soms foute want geen mens is perfek nie. Die persoonlikheid van die be=trokke skrywer druk onteenseglik sy stempel op die be=trokke geskrif af, soos die profesieë van Amos en Ho=sea duidelik toon. Hartley druk dit soos volg uit: „The men who wrote the books of the Old Testament did not simply act like tape recorders, outomatically re=cording and mechanically playing back the actual words of God. Each writer left the mark of his own perso=nality on his work, his weaknesses and faults as well as his strengths and virtues. We must also remember that these men who lived in times that were very dif=ferent from the present day, amongst people with dif=ferent beliefs and different customs from ours, and that this, too, is seen in their writings."[47)]

47) Hartley, J. The story of the Scriptures, IV, pp. 9, 10.

Aangesien die Oosterlinge dan bekende storiever=tellers was en is (vgl. die stories van die Arabiese Nagte), en die lande waar ons Bybel sy oorsprong ge=had het, wemel van „folk-lore", legendes en „stories" wat oor duisende jare mondeling oorgedra is, kan verwag word, aldus Hartley, dat mites, legendes en „stories" in die literatuur van die ou Israeliete en die Jode (soos die Bybel) teruggevind kan word.[48] In hulle bepeinsinge oor die herkoms van die wêreld en die mens en die oorsprong van sondes, het hulle byvoorbeeld in hulle verhaal van die skepping deur God en die sonde=val hierdie verhaal eenvoudig met mites deurweef. In=stede egter van 'n suiwer fiktiewe storie of wonder te vertel, het hulle aan die mite 'n diepe betekenis van geestelike waarheid gegee. Dit verleen aan die skep=pingsverhaal, hoewel eenvoudig en primitief, 'n adel wat heidense skeppingsverhale nie besit nie.[49]

Wanneer daar van die standpunt uitgegaan word dat die Bybel singegewe mites is, kan natuurlik verwag word dat die klem in die Bybelles op die sin en nie op die „mitologiese" vorm en inhoud gerig is nie. Daarom is daar ook geen beswaar dat die Bybel vir die leerlinge feitlik oorgeskrywe word in toneelstukke waarby die fantasie vrye spel geniet en die stof eenvoudig aan=gepas word by die beoogde effek en bedoeling.[50]

48) Ibid., p. 15.

49) Ibid., pp. 33, 34.

50) „A religious of C.S.M.V. S. Th., They shal be my people, I & II; ook: Holroyd, G.H.A dramatic Old Tes=tament Book. (Ook verskeie ander boeke van Holroyd, en andere).

## 4.3 Voorbeelde van eksistensie-teologiese verklaring van die Heilige Skrif vir leerlinge

### 4.3.1 „Mites" word nie as waardeloos beskou nie

Hoewel die Bybel deur eksistensialistiese opvoed=kundiges, op voetspoor van die eksistensieteologie, as mities gesien word, as legendaries selfs in so 'n mate dat dit meesal onmoontlik is „to get behind the Gospel records to the original event"[51], word hierdie sg. mites, legendes, ens. tog nie as waardeloos oorboord gegooi nie, al sou daar (sg.) teenstrydighede voor=kom, aangesien aanvaar moet word dat „stories can be told to convey truths" - só kan die geboorteverhaal van Jesus vertel word om iets van die betekenis van Christus aan die leerlinge tuis te bring: byvoorbeeld die Lukas-verhaal van die eenvoudige herders om die nederigheid van Jesus aan die kinders tuis te bring en die Mattheusverhaal van die wyses uit die Ooste om sy koninklike hoogheid aan te toon.

### 4.3.2 Ontmitologisering in die praktyk

Die vraag kom by mens op: Hoe lyk ontmitologi=sering in die praktyk van die „Bybelles? Lottmann gee hier interessante „spelreëls": Dat daar in die Bybelles ontmitologiseer moet word, staan vir hom vas. Die vraag is net: Hoe? Hy meen dat ontmitologisering as sodanig nie steeds onderwerp van gesprek moet wees in die Bybelklas nie, tensy die les gegee word in die

51) Holm, J.L. Teacher's handbook to the Phoenix Series, p. 99.

hoër klasse van die middelbare skool, maar dán selfs moet dit net terloops en sporadies geskied - nie streng programmaties nie. Ontmitologisering sal veeleer 'n instelling by die onderwyser moet wees wat die hele Godsdiensonderrig deurdring. Dit moet tweede natuur word wat in werking tree wanneer nodig. Dit moet eer= der 'n wyse van benadering wees as 'n onderwerp van ge= sprek of as 'n lestema. In die laer klasse waar mens weinig gevoeligheid hoef te verwag vir die popularise= ring van die eksegese, is dit nie aan te raai om som= mer te ontmitologiseer nie. Hier, waarsku Lottmann, moet uiters versigtig te werk gegaan word, anders kan by die leerling die neiging ontstaan om die Bybel in die asblik te gooi; want, so kan die kind dan redeneer, as dié dinge dan tog nie werklik gebeur het nie, waarom moet mens dit dan alles weet?[52)]

Lottmann doen aan die hand dat die onderwyser in die Godsdiensonderrig nie ontkennend nie, maar herken= nenderwys te werk moet gaan. 'n Mens kan jou lewe nie bou op gegewens wat nie bestaan nie. Daarom moet die aanvanklike opvatting van die leerling met betrek= king tot die Bybelgebeure nie tot die grond toe afge= breek word nie om dan met iets totaal nuuts te kom nie. Dit ondergrawe die leerling se gevoel van veiligheid. Die ontluistering van die Bybelverhaal kan die kind se geborgenheid in huis, skool en kerk skaad.[53)]

I.p.v. ontmitologisering, meen Lottmann, moet

52) Lottmann, I. Ontmitologisering in de praktijk, VERBUM, XXXV(3): pp. 101-102, Mrt. 1968.

53) Ibid., p. 102.

mens dus liewer spreek van sekularisering: Die verhaal moet in die huidige wêreld geplaas word („onze wereld van nu"). Die onderwyser moet altyd sorg dat hy eers 'n aanleiding het om die Bybel te open, soos bv. die vraagstuk van wêreldhonger die wonderbare broodvermenigvuldiging na vore roep. Indien dit so gedoen word, sê hy, gaan dit nie om wat toe wel of nie gebeur het nie, maar hoe hierdie verhaal 'n appél maak op ons mededeelsaamheid wat ons ten beste tog maar net van Christus kan leer. Dan word die belangstelling anders gerig, omdat dan nie die verhaal as sődanig onder die ontleedmes kom nie, maar die wêreldhonger in 'n perspektief geplaas word wat ons om 'n oplossing vra. Lottmann meen dat op hierdie wyse mens dan aan die twyfelagtige verdienste sal ontkom om die inhoud en die vorm van mekaar te gaan onderskei. Hy meen dat die ontmaskerende te lyf gaan van die Bybelverhale nie heilsaam is nie; om die werklikheid te benader, het ons die geheel van verskyningsvorme en agtergrond in een vitale samehang nodig. Hy meen dat dit 'n valse onderskeiding is om te gaan spreek oor „kern" en „verpakking" asof mens die inhoud van die stylvorm kan losspeld. Pas mens sodanige skeiding toe, kweek jy 'n mentaliteit by die kinders wat tot uiting sal kom in vrae soos: „Waarom gaan dit dan eintlik? Wat hḗt dan werklik gebeur? As ek dít weet, hoef u nie verder te vertel nie." Inderdaad, meen Lottmann, sal die onderwyser dan niks meer hê om te vertel nie omdat die boodskap hom nie ongestraf laat „ontbolster" om die sg. „wese" bloot te lê nie. Die wyse van oordrag en die lewende oproep van die verhaal vorm 'n onverbreekbare geheel. Daarom word aan die hand gedoen dat die on=

derwyser die verhaal in die regte lig plaas, nie ont=kennenderwys nie, maar herkennenderwys - só sal hy by die kind dieselfde beweging oproep wat in die verhaal verwoord is. Só sal die onderwyser die hart van sy leerling raak en dan sal die verstand maar swyg.[54)]

### 4.3.3 Voorbeelde

'n Aantal geselekteerde voorbeelde toon hoe die Godsdiensonderrig onder eksistensialisties-teologiese invloed daar in die praktyk uitsien; die volgorde van die voorbeelde volg die gang van die openbaringsgeskie=denis.

#### Die skepping

Hoewel die ses skeppingsdae oor die algemeen dees=dae as ses baie lang tydperke aanvaar word en die evo=lusionisme as 'n redelike verklaring van die oorsprong van alle dinge beskou word, word die Bybelse skeppings=verhaal as geinspireerde waarheid nie losgelaat nie, maar dan word dit gewoonlik soos volg verklaar: „What is ..... remarkable is the way in which the old Bible story recounts all the events in their right order (soos deur opgrawings en fossielevondste aan die lig gebring - J.H.v.W.), not getting the whole tale mixed up, or putting it down to something magic". Daar word aan die hand gedoen dat die skeppingsverhale van ander godsdienste met dié van die Bybel vergelyk moet word om

54) Ibid., p. 102, 103.

aan die leerlinge die verskil uit te wys: die heidense skeppingsverhale berus almal op fantasie en vertoon baie kinderagtig. „The Bible story, on the other hand, is straight-forward and sensible, even though the writers had none of the evidence we have today. There are no giants or dragons. In some way or another, the writers were helped to set down the story in truth, insofar as their limited knowledge would allow them. We must remember that they never claimed to be writing a scientific tect book. They did not, however, invent some magical story for themselves. All the way through the Bible, we shall find this ring of truth. That is what we mean when we say that the Bible was inspired." 55)

Dus: Hoewel in mitologiese taal en vorm, is die Bybelverhaal van die skepping tog waar; dit is nie in wetenskaplike taal beskrywe nie, maar in die taal van die daaglikse ervaring en in die begrippe tot die beskikking van die primitiewe skrywer. Vir die moderne Godsdiensonderwyser beteken ontmitologisering dus nie 'n wegdoen van die mite nie, net duiding daarvan.

Die sondeval

Die paradysverhaal word aan die leerlinge voorgehou as „a narrative in which another Babylonian myth has been taken and modified, in an attempt to answer the questions put forward by men in earliest times". Netsoos in die geval van die skeppingsverhaal, het ons

55) Hartley, J. The story of the Scriptures I, pp. 15 - 17.

hier ook te doene met 'n ou mite waaraan 'n diepe en innerlik-geestelike waarheid gekoppel is. Die waar=heid is en bly dat moeite en lyding in hierdie wêreld selfs eventueel die dood self, die resultate van son=des is en dat sonde ongehoorsaamheid aan God is. Die mitologiese inkleding gryp die kinders aan en moet dus behou word: Die kinderlike eenvoud van die verhaal is bekoorlik: Die vriendelike God neem 'n uitstappie in die koel aand om te sien hoe sy nuutgeskape skepsels die paradyslewe geniet; soos 'n streng vader ondervra hy hulle en hulle laat hulle hoofde in skaamte hang ... die hele beskrywing is so getrou aan die lewe: hulle verskoninkies is daarvan 'n toonbeeld! Die vorm van die verhaal is tydgebonde en mag selfs in die hui=dige vertelling gewysig word, solank die tydlose, ewi=ge waarhede (ongehoorsaamheid lei tot sonde en sonde tot straf) steeds deurklink.[56)]

Kain en Abel

Lottmann raai die onderwyser aan om hierdie ver=haal te koppel aan 'n onlangse skokkende moord om aan die leerlinge die tragiese feit tuis te bring dat ver=driet en doodslag so oud soos die wêreld is. Wanneer iets soos die moord op Pres. Kennedy plaasvind, is dié verhaal die voor-die-hand-liggende om op die program van die Godsdiensonderrig aan die beurt te kom.[57)]

Die sondvloed

Daar word aan die hand gedoen dat onderwyser en leer=

56) Id., The story of the Scriptures, IV, p. 37.

57) Lottmann, I. op. cit., p. 113.

ling moet aanvaar dat ons hier sonder twyfel met 'n verdiepte wysiging van die bekende Babiloniese legen= de te make het. In hedendaagse boekies oor Godsdiens= onderrig (d.w.s. boekies wat die gees van die eksis= tensieteologie adem) ignoreer die skrywers deesdae hierdie verhaal as waardeloos .

Die toring van Babel

Hierdie verhaal word as 'n ou sage bestempel wat diens moes doen as antwoord op die vraag waar die ver= skillende nasies en tale hulle oorsprong vandaan het. Die oorblyfsels van ziggurats (tempeltorings) het die primitiewe mens beindruk en dié mite is eenvoudig daar= om geweef. Met stellige sekerheid word die hele ver= haal as mitologie bestempel. Die idee van God as 'n Wese wat bekommerd is oor die menslike pogings om met Hom gelyk te word, word as uiters primitief bestempel. Daar is wel 'n sprankie van geestelike waarheid en waardigheid in die verhaal en dit kan dien om die Gods= begrip van die primitiewe mens van daardie tyd te ilus= treer.[58)]

Abraham

Die aardsvaderverhale word deur sommige skrywers van kinderboeke bestempel as „a collection of ancient folk lore, with fables about the great shadowy events before history."[59)] Ander wil die aarsvaderlike tyd= perk as „semigeskiedenis" sien - die verhale van Abraham,

58) Ibid., pp. 39, 40.

59) Hartley, J. The sotry of the scriptures, I, p. 9.

e.a. (wat wel egte historiese persoonlikhede kon gewees het) is egter so deurspek met fantasie, dat insig in die bewegings van die ou Hebreërs omtrent die enigste waarde is wat dit vir ons het.[60] Oor die algemeen word toegegee dat Abraham (wie se naam in Ur gevind is as Abiram) wel 'n historiese persoon kon gewees het, maar aangesien hierdie verhale uit Genesis so oud is, is dit besonder moeilik om feit van fantasie te onderskei. Die klem by die vertelling van hierdie verhale moet val op die verbond wat aan die wortel van die religieuse lewe van die Jode gelê het.[61]

Oor die algemeen word die offer van Isak beskou as 'n godsdienstige sage om die Godsvertroue van die aartsvaders te bewys.[62]

Die Josefgeskiedenis word as legendes gesien. Hier sou ons dan te doen hê met 'n noordelike vorm (E) en 'n suidelike vorm (J), wat hoewel kontradiksionêr, tot een verhaal verweef is. Wanneer lesse oor hierdie verhaal gegee word, moet die klem op die hoofgedagte val wat dan sou wees: Hoe God se volk ookal ongehoorsaam is, Hy voer sy doel met hulle uit."[63]

Vanuit die Godsbeeld van Tillich, wat God sien as die Grond van ons bestaan, sien Lottmann en Koenen

60) Holm, J.L. Teacher's handbook to the Phoenix series, p. 12.

61) Philpott, R.V. The Christian faith, I. Theacher's notes, p. 3.

62) Bergmann, G., op. cit., p. 75.

63) Philpott, R.V. The Christian faith, II, Teacher's notes, pp. 2,3.

die sin van die Josefverhaal soos volg:

Die kinders geniet en onthou die Josefverhaal baie goed omdat hulle sy situasie min of meer uit eie ervaring ken: 'n Kind wat voorgetrek word, wat ver= klik, mooi klere het, kinders wat jaloers is, „in die put sit", en dan nog al die dinge wat mens in jou angs kan meemaak, soos om in die gevangenis tereg te kom en nie weer by die huis uit te kom nie, ens. Ten slotte ontlaai die spanning dan in die goeie afloop. Hulle vestig verder die aandag daarop dat, wonderlik genoeg, wondere in die verhaal geen rol speel nie, die verloop van die feite is so dat dit iedereen sou kon oorkom. Daar is egter ook meer in die verhaal as louter herken= ning van die eie situasie. Talle chaotiese indrukke wat 'n kind in sy lewe opgedoen het, word deur so 'n verhaal op hulle plek gesit. Die kind raak meer tuis in menslike verhoudinge en in situasies. Ook kan die vermoede in die kindergemoed groei dat die goeie uit= eindelik sterker blyk as die kwade.[64)]

Die vraag kom nou by mens op: Het ons om dié dinge te bereik Bybelverhale nodig? Hier verwys Lott= mann en Koenen ons weer na die Josefverhaal. Wat is die spesifieke daarin? Dis opvallend dat God nouliks as handelende persoon 'n rol speel. Tog ervaar die verteller dit kennelik nie as 'n leemte nie. Sy ver= wysings na Jahwe is sporadies en altyd in vae bewoor= dinge soos: Die HERE het Josef bygestaan. Die ge=

64) Lottmann, I. & Koenen, H. Mensenkennis en Godsbeeld in de Jozefcyclus. VERBUM, XXXV(3): p. 97, Mrt. 1968.

beurtenisse verloop volgens 'n eie innerlike dinamiek. Dit is nie eie aan die verhaal dat God van a tot z by= gesleep word nie. Ons hoor selfs die hoofpersoon, Josef, skaars van God spreek. Pas by die ontknoping, as Josef hom ontroerd aan sy broers bekend maak, hoor ons dat dit al die tyd God was wat alles so beskik het. Dan werp Josef nuwe lig op die diepe sin van alle we= derwaardighede. En selfs op hierdie stadium word nie „God-as-sodanig" beskrywe nie, maar bely as die Een wat met hulle almal al die tyd besig gebly het, ondanks alles (Gen. 45:5-8).

Die aandag word daarop getrek dat die skrywer, soos blyk uit die komposisie van sy verhaal, God eers ter sprake bring op die hoogtepunt van sy verhaal. Dui= delik skets hy, volgens ons woordvoorders, God nie as „Deus ex machina" nie. Hier word 'n Godsbeeld on= der woorde gebring wat beleefbaar is, word gemeen. Die plek wat God eindelik in hierdie verhaal inneem, kleur die geheel en open 'n perspektief: nie van buite af nie, maar van binne uit. God dra alles - Hy is die Grond! Hier bring die Bybel die diepste laag van ons werklikheid ter sprake. In hierdie verhaal het die Bybel dit wel oor God, maar nie te pas en te onpas nie, veel meer as <u>dragende Grond</u> i.p.v. as <u>handelende Per= soon</u>. Die plek wat Hy inneem, is verborge en daar word op die hoorder 'n appél gemaak om dit self te ont= dek. Hierdie appél geskied met mate.[65]

Die Josefsgeskiedenis, in besonder die wyse waar= op dit in die Bybel verhaal word, moet dan as voorbeeld

65) Ibid., pp. 97-99.

van hoe die Bybelse geskiedenisse aan die leerlinge vertel word.

Moses.

Die verhaal van Moses se geboorte en sy kindergeskiedenis word deur sommige skrywers van kinderboekies, beslis nie almal nie, eenvoudig weggelaat. R.V. Philpott gee twee redes aan waarom hy dié verhaal weglaat: eerstens is die nie essensieel vir die hooftema van die geskiedenis van die Hebreërs nie en tweedens omdat dié verhaal, blykens argeologiese vondste, baie ouer as die tyd van Moses is (dieselfde verhaal, effens gewysig, word ook van Sargon, wat in Akkad so vroeg as 2850 v.C. geregeer het, vertel).[66)]

Die roeping van Moses by die brandende doringbos word heel sober aan die leerlinge meegedeel. By die aanskoue van die brandende doringbos is dit vir Moses asof hy van 'n roeping bewus word.[67)] (Hierdie selfde gedagte vorm die grondtoon wat by Van Peursen te bespeur is in sy werkie: Hij is het weer!)

Die plae word gewoonweg gesien as primitief bygelowige interpretasies van doodgewone gebeurtenisse wat deur die Hebreërs vrygespring is omdat hulle verder weg in Gosen in die Nyldelta gewoon het.[68)] Ook die deurtog deur die Rooi See word natuurlikerwys ver= verklaar met die opmerking dat die Hebreërs in al hier=

66) Philpott, R.V. The Christian Fait,I, Teacher's notes, p.5.

67) Hartley, J. The story of the Scriptures, I, p. 45

68) Ibid., p. 47-49.

die dinge die hand van hulle God gesien het[69] (as draende Grond?). Só word ook alle wondere op die woestynreis gesien.[70] Die „wondere" (selfs dié by die wetgewing op Siani) is produk van bygeloof.[71]

Die intog

Die veilige deurtog deur die Jordaan word toege= skrywe aan die feit dat die walle van die Jordaan in= gestort het - dit het reeds dikwels gebeur; in 1927 is die rivierwater ook totaal geblokeer deur so 'n in= storting.[72] Die instorting van die mure van Jerigo word aan 'n moontlike aardbewing toegeskrywe.[73] Die feit dat al hierdie „wondere" as wondere in die geskie= denis ingevleg word, word gewoonlik toegeskrywe aan die feit dat die Israeliete hierin die hand van God gesien het en as gevolg van primitiese gelowige interpretasie plus 'n dosis bygeloof, lyk die verhaal dan soos ons hom in die Skrif aantref. Die plig van die onderwy= ser sal dan wees om die verhaal „natuurlik" te vertel, maar dan te toon hoe die gelowige, maar primitiewe volk van God dit geïnterpreteer het. Hoofsaak is dat die kind steeds bewus daarvan word dat God die draende Grond van alle gebeurtenisse is. Hy moet dan leer om

69) Ibid., pp. 51, 52.

70) Philpott, R.V. The Christian faith, I, Teacher's notes, p. 4; Hartley, J. The story of the Scriptures, I, p. 55.

71) Hartley, J. The story of the Scriptures, I, p. 59.

72) Philpott, R.V. The Christian faith, II, Teacher's notes, p. 6.

73) Ibid., p. 7.

sy eie lewe ook sô te interpreteer: God is nie 'n iets, 'n substansie, wat voordurend as „handige voorwerp" bygesleep moet word nie, maar „werkzame Aanwezigheid".[74)]

Die rigterstyd

Oor die algemeen word hierdie stuk geskiedenis in hoofsaak as histories gesien. Van die geskiedenis van Gideon sê Philpott byvoorbeeld: „.... there is a good chance that this story is substantially true."[75)] Die heldeverhale is egter, word deur die „nuwe" Godsdiensonderwysers beweer, deurvleg met legendes. In die geskiedenis van Simson het ons byvoorbeeld te doen met „a collection of Hebrew folk-legends woven around this great hero."[76)]

Die koningstyd

Hier geld in hoofsaak dieselfde opmerkings, soos in die vorige paragraaf aangestip. Volgens Philpott is die persoon van Elia „magnified by the most partial historian."[77)] In sy boekie vir kinders laat hy eenvoudig die gebeure op Karmel uit, sowel as die hele geskiedenis van Elisa.[78)]

74) Van Peursen, C.A. Hij is het weer! p. 22.

75) Philpott, R.V. The Christian faith, II Teacher's notes, p. 9.

76) Hartley, J. The story of the Scriptures, I, p. 86.

77) Philpott, R.V. The Christian faith, Teacher.s notes. p. 15,

78) Philpott, R.V. The Christian faith, II, pp. 14-16.

T.o.v. die wonderwerk i.v.m. die olie en die meel van die weduwee van Sarfat word deur Hartley soos volg opgemerk (dit word volledig aangehaal omdat dit as voorbeeld dien van hoe die wonderwerke van Elisa en baie ander gesien word): „How this miracle took place, we do not know. We must remember, however, that we are reading of times when people ecpected the superna= tural, and that for anyone to remain alive without the drought would seem to them a direct act of God. Le= gends always grow round really great men; it is rare that ordinary people are credited with miraculous hap= penings. Elijah was such an impressive figure of power that it would seem to the people of that time that the only way he could have kept alive must have been through some direct act of Jehovah."[79)]

Daniel

Vir die eksistensie-teologiesge-oriënteerde Gods= diensonderwyser is die verhale rondom die persoon van Daniël nie histories nie; dit is 'n poging om teen die Hellenistiese mode en afvalligheid die volk getrou te maak aan Sion en sy God. Daarby het hierdie in Aramees oorgelewerde verhalekrans 'n unieke aanknopings= punt gebied vir 'n stuk versetsliteratuur ten tyde van die wrede en onderdrukkende Antiochus IV Epiphanes. Die boek moes inspireer tot ondersteuning van die klein groepie „eie mense", die Makkabeërs. Dit moet dan ook aan die leerlinge as sodanig vertel word.[80)]

79) Hartley, J. The story of the Scriptures, II, p. 39

80) Knetsch, F.R.J. Het hooglied der standvastigheid - een les Daniel. Opdracht, 16(1): pp. 21-32.

Die rede waarom dit in hierdie vorm geskryf en in die ballingskaptyd geplaas word, is maar „vermomming." Daarby word dit aan 'n historiese figuur soos Daniel, en by voorbaat dan ook aan 'n profeet gekoppel om die gesag daarvan te bekragtig.[81] Die verhale van Daniël kan dan, meen Hartley, in ons tyd met die leerlinge bespreek word as voorbereiding vir 'n taak oor Anti-Semitisme in die huidige wêreld.[82]

Die geboorte van Christus

Die meeste „moderne" teoloë sien in die geboorte=verhale van Jesus die evangelieskrywers se pogings om iets i.v.m. Jesus se Persoon bekend te maak. Mattheus, d.m.v. die herders in die veld, wil Jesus se nederig=heid openbaar en Lukas, d.m.v. sy wyse manne, Jesus se koninklikheid.[83] Omdat dit dan legendes sou wees, laat J.Z. Holm hierdie verhale heeltemal weg uit sy pragreeks wat vir gebruik in die skool bedoel is.[84] Ook Hartley laat byvoorbeeld die verhaal van die her=ders uit.[85]

I.v.m. die geboorte van Christus skrywe Heinz Zahrnt („Die Stimme der Gemeinde") ondermeer dat Bet=lehem nie die geboorteplek van Jesus is nie; in 'n bepaalde Christologie sou Betlehem ten onregte hierdie naam ontvang. Ook meen hy dat die Maria wat ons in

81) Hartley, J. The story of the Scriptures,III,pp. 119-123.

82) Ibid., p. 123.

83) Holm, J.L. Teacher's handbook for the Phoenix series, p.9.

84) Vgl. Holm en Mabbut, Phoenix, 1-6

85) Hartley, J. The sotry of the scriptures, V, p.31.

die Bybel voorgeskilder word nie dieselfde is as die historiese moeder van Jesus nie. Volgens hom is die herders op die veld simboliese verteenwoordigende fi= gure, nie werklik bestaande herders nie. Wat oorbly, is (aldus Zahrnt), histories gesien, 'n puinhoop van legendariese brokstukke waarmee geen wetenskaplikheid te beginne is nie. M.a.w. die geboorteverhaal is 'n legende.[86)]

Lottmann stel voor dat 'n les oor die kersverhaal sô sal verloop: N.a.v. die rassevraagstuk kan mens eers die eerste gedeelte van die kersverhaal lees (Luk. 2:1-7). Hierna moet die onderwyser d.m.v. vrae die volgende drie verbande lê: Daar was geen plek vir Jesus in die herberg nie (soos die geval met die sg. onderdrukte gekleurdes vandag in die wêreld: niemand gun hulle 'n plek nie); Jesus is uit die sinnagoge van Nasaret verdryf - „die voëls het neste en die jak= kalse het gate, maar die Seun van die mens het geen klip om sy hoof op neer te lê nie" (soos die „arme" negers); Jesus is gekruisig buite die stad soos 'n misdadiger (vgl. die miskenning van die negers). Die verband moet dus wees: Dit was met Jesus soos met die negers! Maar, en so moet die les voortgaan, die kruis is nie die laaste woord nie - daar is wel geen plek in die herberg nie, nie in die stad nie, nie in die lewe nie, maar wel aan die regterhand van God, die Vader. Die verrysenis van Jesus word dan beeld van die opkoms van die swart ras - God die Vader reageer anders as ons mense. En: soos die mense nie geweet het dat dit die

86) Bergmann, G., op. cit., p. 74.

Christus is wat gebore is nie, só loop ons ook gevaar om Hom nie te ontvang nie, want ook na ons toe kom Hy soos 'n gewone kind, in ons medemens, in die neger! Die les word dan afgesluit deur te toon dat die naam van keiser Augustus voor die naam van Jesus genoem word in die voorgeleše gedeelte: Eers die hoë keiser, dan die eenvoudige Armmanskind. Toegepas op die rasse=vraagstuk beteken dit: daar is troos vir die negers, want wie nou eerste is, sal laaste wees, en andersom! 87)

Wanneer oor die engele-aankondiging aan Maria les gegee word, moet die onderwyser dubbel versigtig wees om nie op 'n verkeerde golflengte van skeptiese afstand te geraak nie. Dit kan maklik gebeur, bv. as die on=derwyser vrae soos die volgende na vore bring: Het Maria werklik 'n engel gesien toe sy gehoor het dat sy moeder sou word? Of: Hoe kan 'n ster 'n huis aanwys? Die onderwyser moet in elk geval nie, volgens Lottmann, regstreeks ontkennend antwoord nie. Eerder moet hy aan die leerlinge suggereer dat dit 'n ingewing is wat Maria gekry het. Indien die vraag na vore kom of sy haar nie maar die dinge verbeel het nie, moet die on=derwyser die toets van die werklikheid aanlê: Dit was geen verbeelding nie, want later <u>is</u> Jesus gebore! Die Bybel, so moet verduidelik word, spreek maar net van 'n engel om aan te toon dat dit van God gekom het! 88)

By die „leiding" van die ster, meen Hartley, het

87) Lottmann, I. Ontmythologizering in de praktijk. <u>VERBUM</u> XXXV(3) pp. 109-111.

88) Ibid., p. 111.

ons te doen met 'n komeet, 'n „nova" of 'n konjunksie van Jupiter en Saturnus wat geïnterpreteer is soos dit in die Bybel staan. Reeds Kepler, en na hom ook an= der sterrekundiges, ook in ons tyd, het vasgestel dat omstreeks die geboorte van Jesus daar wel 'n konjunksie tussen die twee genoemde planete was. Die feit dat Jupiter tradisioneel as die koninklike ster en Satur= nus as die ster van die Jode beskou is, het die „wyses" uit die ooste die afleiding laat maak van die geboor= te van 'n Joodse koning.[89] (Hierdie verklaring vir die verskyning van die ster vereis beslis ernstige aandag!).

Die Persoon van Jesus

In die Kersnommer (van 1960) van die blad waarvan hy redakteur is, (Sonntagsblatt) skrywe dr. Heinrich Zahrnt, 'n verteenwoordiger van die eksistensieteolo= gie, in 'n artikel onder die titel „Der Sohn und die Söhne" dat die Nuwe Testamentiese getuienisse geen twyfel laat dat Jesus eg mens was en geen hemelse wese nie. In die persoon van Jesus, sê hy, is daar niks wat bo die natuur uitgaan, selfs niks onnatuurliks nie. 90)

Hierby sluit opvoedkundiges van ons tyd aan: Jean L. Holm sê in sy handboek vir onderwysers in die „Phoe= nix" - reeks die volgende van Jesus (dit is dan ook die uitgangspunt in sy hele reeks kinderboekies): Indien Jesus aan die kinders as 'n soort god-mens wat alles

89) Hartley, J. The story of the Scriptires, V, p. 34.
90) Bergmann, G., op. cit., p. 8.

weet, alles kan doen en sy Goddelikheid met wonders be=kragtig, voorgehou word, kan ontsettende verwar=ring in die gees van die kinders geskep word. Hoewel 'n merkwaardige man, het sy tydgenote Hom as blote mens geken. Geen Jood sou vir een oomblik gedroom het dat die Godheid met Jesus gedeel kan word nie. Dit was slegs 'n geval dat na die opstanding die eerste Chris=tene daarvan bewus geword het dat, op 'n vreemde wyse wat hulle nie kan verklaar nie, Jesus steeds by hulle was. Hulle het ook daarvan bewus geword dat, om Jesus te ken dieselfde is as om God te ken. Dit is hoege=naamd nie dieselfde as om te sê dat Jesus God was nie. Holm meen selfs dat die Bybel self dit ook nie sê nie. Jesus self, sê hy, het ook altyd van Homself af weg, na God heengewys. Joh.1:1 („die Woord was God") be=hoort vertaal te word met „die aard van die Woord van God is dieselfde as die aard van God", en „die woorde „Ek en my Vader is een" (Joh. 10:30) moet gesien word in die konteks van Joh. 17:18-22 waar gesê word dat die eenheid onder Christene en tussen Christene en Je=sus dieselfde moet wees as dié tussen Jesus en God. In die Phoenix-reeks is die benadering van die Godheid en mensheid van Jesus soos volg: „Jesus was fully hu=man, and seeing him we see what man was meant to be, but seeing him we also see something of God - as much of the nature of the infinite God as can be revealed in a human life."[91])

Holm meen ook dat die term „Seun van God" soos dit in die Skrif voorkom, nie op die sg. „Godheid"

91) Holm, J.L. Teacher's handbook to the Phoenix se=ries, pp. 7, 8. (Vgl. ook Boek V van die reeks).

van Christus wys nie: Die Hebreeuse gedagte „seun van" beteken: „het deel aan die karakter van" - dit bena=druk slegs noue verwantskap. Jesus se verwysing na God as „Vader". sê hy, moet gesien word in die konteks van die Judaisme van die tyd - elke toegewyde Jood het God toe „Vader" genoem.[92)]

Ook Philpott se uitgangspunt in sy kinderboekies is: „...Jesus was the natural child of Mary and Joseph en „... Jesus was not a kind of Greek demi-god, come down from the sky, but a real <u>man</u>."[93)]

'n Voorbeeld van hoe dié beskouinge oor Jesus in 'n skoolhandboek na vore tree, is die volgende: Na 'n beskrywing van die versoeking van Jesus in die woes=tyn, volg die volgende: „The struggle was over, and Jesus had made up his mind. His was to be the hard way, the way of love. His mind at peace, he rested a while, and then turned back from the desert to the Jordan valley."[94)]

By die leerlinge moet die opvatting gekweek word: Jesus <u>is</u> nie God nie; maar om Hom te ken en te doen soos Hy gedoen het, is om God te ken.[95)]

Die wonderwerke van Jesus

Volgens Bultmann moet Jesus se verwagting, van

92) Ibid., p. 10.

93) Philpott, R.V. The christian faith, II, Teacher's notes, p. 30.

94) Hartley, J. The story of the Scriptures, V, p. 48.

95) Hartley, J. The story of the Scriptures, VII, p. 99.

'n toekomstige koninkryk na die „hier-en-die-nou" om=gebuig word. Die titels waarmee Hy Homself aangedui het, moet later deur die gemeente aan Hom toegeken ge=wees het, word gemeen. Die gevoele is dan dat die wondere liefs ter syde geskuif moet word as onhistories. Tog word gevoel dat mens die opstanding nie kan mis nie as jy die oorgang van die historiese Jesus na die kerug=ma aanneemlik wil maak nie. Maar, so word gevoel, hier=van spreek mens maar so min moontlik. Uiteindelik word net 'n paar fragmente en sektore van Jesus ter sprake gebring.[96)]

Ook Lottmann is van mening dat met die wonderwerke spaarsaam te werk gegaan moet word - dit moet nie te sterk opgedis word nie. Waar daar tog lesse oor die wonderwerke gegee word, moet dit voorgehou word as 'n uitdrukkingsmoontlikheid om die leerlinge te laat aan=voel dat God agter ons werklikheid skuilgaan.[97)]

Die doel van die behandeling van die wonderwerke in die eksistensialistiese benadering van die Bybelles, is om aan die leerlinge die liefde van Jesus vir sy me=demens aan te dui.[98)]

Volgens Philpott moet die wonderwerke van Jesus nie aan die leerlinge voorgehou word as tekens of be=wyse van die Goddelikheid van Jesus nie. Volgens hom

96) Berkhof, H. Christologie en Christusprediking i.v.m. de huidige beleving van de werkelikheid. Nederlands Theologisch Tijdschrift, 21(5): pp. 377, 378, Jul. 1967.

97) Lottmann, I. Mensenkennis en Godsbeeld... VERBUM, XXXV(3):, p. 100, Mrt. 1966.

98) Harley. J. The story of the Scriptures, V, p. 101.

het Jesus self geweier dat die mense dit so moet opvat. („Geen teken sal aan hierdie geslag gegee word behalwe die teken van die profeet Jona nie."). Die wonderwer=ke moet in die Bybelles gebruik word om aan te toon dat God omgee vir die individuele behoeftes van mense. Verder was hulle tekens aan die Jode van God se doel met hulle, want daar word bv. deur Markus twaalf gene=sings van Jode verhaal en een van 'n Griekse vrou (Mark. 7:24-30). Lukas weer, sê Philpott, beskrywe die won=derwerke om God se liefde vir die hele wêreld te toon: Die vier-en-twintig genesings wat hy beskrywe, bevat minstens twee van heidene. In die nuwe tyd wat met Je=sus aanbreek, is daar ook 'n herstel van menslike ver=houdinge - om dít af te beeld is die wonderwerke vir ons in die Skrif gegee en daarvoor moet ons dit in ons By=bellesse gebruik.[99)]

Jean L. Holm sê dat die wonderwerke te dikwels aan die leerlinge vertel word asof dit „miraculous events happening in the natural world" is, i.p.v. as „spiritual experiences, which can only be described in the langua=ge of the natural world because there is no other lan=guage."[100)] In die Bybel, meen hy, het ons met „pic=ture language" te doen. In ons Bybellesse moet die klem val op die geestelike ervaring van die betrokke persone.[101)]

99) Philpott, R.V. The Christian faith, I, Teacher's notes, p. 30.

100) Holm, J.L. Teachers handbook to the Phoenix Se=ries, p. 2.

101) Loc. cit.

Jean L. Holm sien geen rede waarom leerlinge nie toegelaat sal word om, as hulle wil, 'n bespreking te voer oor wat daar werklik gebeur het nie, solank hulle in gedagte hou dat ons nie seker kan wees wat werklik plaasgevind het nie en dat die aard van die gebeurte=nis onbelangrik is in vergelyking met wat mens daaruit leer.[102] Die klem moet dus in die Bybelles nie val op wát dáár gebeur het nie, maar wát dit vir mý híér en nóú beteken.

Dit kan selfs gevaarlik wees om die wonderwerke van Jesus as bewyse vir sy Goddelikheid aan die leer=linge voor te hou, aangesien ander mense ook wondere kan verrig, meen Holm (Matth. 12:27; Mark. 9:33-39; Hand. 3:6-7). En, gaan hy voort, Jesus is nie gevolg om sy Goddelikheid nie, maar omdat Hy 'n profeet was (Matth. 16:13-14). Deur die lewe en werke van Jesus moet aan die leerlinge geleer word hoedanig God is; uit die wonderwerke leer ons dat dinge soos liggaamlike en geestelike krankheid en honger teen God se wil vir die mens is. Die moderne betekenis van die wonderwer=ke moet dus nie gesoek word in geloofsgenesings en ge=bed nie, maar in sulke dinge soos mediese en landbou=kundige arbeid, diens aan die dakloses, ens.[103] Reginald Fuller se eksistensialistiese verklaring van die wonderwerke in sy boek „Interpreting the miracles" word sterk aanbeveel.[104]

Besetenheid, volgens die eksistensialistiese be=

102) Loc. cit.

103) Ibid., pp. 10,11.

104) Ibid., p. 11. (Vgl. ook Phoenix, Book 6, The Mighty works of God).

nadering, is niks anders nie as „mental disorder", maar in 'n tyd van bygeloof, soos destyds, toe daar nog aan bose geeste geglo is, sê Hartley, is geestesongebalan= seerdheid as besetenheid beskou. Die feit dat Jesus die besetenes aanspreek in 'n wyse asof daar wel so-iets bestaan, moet tegeskrywe word aan die feit dat Jesus maar met die „sieke" praat in 'n taal wat hy begryp[105) ] - deur sy simpatieke benadering, wat spreek van begrip vir sy medemens, stel Jesus dan aan ons 'n voorbeeld van hoe ons ons beproefde naaste met begrip en simpa= tie moet bejeën om hom só weer geestesbalans te gee.

Hoewel die Evangelie-skrywers self sonder twyfel glo aan die waarheid van wonderwerke, moet die moderne benadering in die Bybelles, volgens die eksistensialis= te soos volg wees: Baie van die dinge wat ons vandag as doodnormaal beskou, sou in vroeër tye as wonderwer= ke bestempel gewees het (bv. televisie, maanreise, ens.) Selfs wonderlike genesings deur medici in ons tyd (soos hartoorplantings, ens.) sou enkele jare gelede as won= derwerke beskou gewees het. In die Bybelse tye is alle menslik-onverklaarbare en onverstaanbare gebeure as wonderwerke aanvaar - daar is geglo aan wonderwerke en die wonderverwagting was groot. Dinge wat toe as wonderwerke bestempel is, is in ons tyd dood-eenvou= dige mensewerk. In alle eeue was daar mense wat groot gawes gehad het en mense hulle liggaamlike en geesteli= ke gesondheid kon teruggee. By Jesus was hierdie mag= te net baie sterker.[106)].

105) Hartley, J. The story of the Scriptures, V, pp. 61, 62.

106) Ibid., pp. 76-78.

Wat spesifieke wonderwerke betref, tref mens die volgende aan in die Godsdiensonderrigliteratuur van ons tyd:

Bergmann toon die gees van die Bybelverklaring van ons tyd deur die volgende voorbeeld te vermeld: In sy inleiding vir 'n preek oor die bruilof te Kana het 'n sekere Duitse dominee ongeveer soos volg gespreek: „Wanneer mens by hierdie voorval nie aan heksery wil glo nie, dan is alles maar moeilik te begryp". En dan kom hy tot die konklusie dat die Bybel 'n sprokie, 'n sage vertel.[107)]

Voorbeelde van moderne Skrifuitleg, is o.a. die volgende:

Die stilmaak van die storm: Dit is 'n legende. Natuurwonders is in stryd met alle wetenskapsbegrippe. Soos 'n prediker beelde gebruik om iets duidelik te maak, so gebruik Markus ook 'n beeld. Wat hy duidelik wil maak is dit: Ons kan almal deur die storm van die lewe kom, as ons maar net nie vertroue verloor nie. Die vertroue is nie <u>op</u> Jesus nie, maar <u>soos</u> Jesus. Dit is dus 'n vertroue op eie eksistensie, op die sui=were kern van my „Ek". Dit kom dus in die storme van die lewe daarop aan dat ek my selfvertroue behou, dat ek tot selfinsig geraak, dat ek <u>kies</u>.[108)]

Die stater in die bek van die vis: In hierdie gebeure val die klem nie op die majesteit en almag van

107) Bergmann, G., op. cit., pp. 8, 9.

108) Ibid., pp. 37, 40.

Christus nie, maar om die betaal van die tempelbelas=ting. Omdat die Oosterling van beeldspraak hou, klee Jesus sy waarheid dusdanig in. Daar moet tussen waar=heid en werklikheid onderskei word.[109]

Lottmann bied 'n goeie illustrasie van 'n Bybel=les oor die vermeerdering van die brode. Volgens hom bied dié verhaal van Luk. 9 en Joh. 6 die onderwyser die geleentheid om n.a.v. die honger in die wêreld 'n les te gee wat sal oproep tot verantwoordelikheid m.b.t. genoemde nood. Met vierdejaar-huishoudskoolleerlinge is die verhaal soos volg behandel:

Onderwyser: Waarom vra Christus die apostels hoe om die saak op te los?

Antwoord van die leerlinge: Die Bybel sê: Om hulle op die proef te stel.

Vraag: Wat was hulle reaksie?

Antwoord: Volgens Lukas: Dat dit beter is om die mense weg te stuur! (Dit is inderdaad die weg van die minste weerstand, sê die onderwyser dan en daarna word geredeneer oor die persentasie volksinkome wat aan hulp vir onderontwikkelde lande bestee word).

Dan kom die seuntjie met sy vyf garsbrode en twee visse aan die beurt. Hy het gegee wat hy het! Daar=na voltrek Jesus die wonder!

Vraag: Het Jesus dit as towenaar gedoen, of het meer mense dalk aan Hom brood en vis gebring, ook alles wat hulle gehad het?

Die leerlinge is geneig om vir die laaste moont=

109) Ibid., p. 40.

likheid te kies.

Vraag: Is dit nie 'n neerhaling van Jesus as Hy die wonder nie alleen volbring het nie?

Verdere vrae: Wat sou 'n groter wonder wees: Dat Hy die brood in sy hande laat vermeerder het, of dat Hy die massa so besiel het tot medemenslikheid so= dat almal alles wat hulle gehad het aangebied het met die gevolg dat daar meer as genoeg voedsel was?

Die leerlinge kies dan eenparig vir die laaste en só word Jesus aan die leerlinge voorgehou as die groot Inspirator wat ons aanspoor tot buitengewone vrygewigheid![110)]

Christus aan die kruis

Lottmann meen dat 'n les oor die kruisiging só aan= gepak behoort te word: By 'n diskussie oor die oorlog in Viëtnam skyn dit asof daar iets in steek as mense beweer dat God nie bestaan nie, want as daar 'n God be= staan, sou Hy nie so-iets toelaat nie. Nou moet die onderwyser dié gesprek in verband bring met die woorde: „As U die Seun van God is, kom af van die kruis!" (Matth. 27:40). Ten spyte van hierdie uitdaging bly Hy aan die kruis vasgenael net soos die Viëtnamees aan sy bomme-deurploegde grond. En tog is hierdie toestand voorlopig ... want Jesus het op die derde dag opgestaan! Die verrysenis open die perspektief op 'n „meer" sonder om 'n einde te maak aan die onbegryplik voortwoedende oorlog. M.a.w. die vraag word beantwoord op 'n ander

110) Lottmann, I. Ontmythologisering in de praktijk. VERBUM, XXXV(3): pp. 112, 113, Mrt. 1968.

golflengte as waarop dit gestel was. Só buig die vooroordeel teenoor God deur hierdie Skrifuitleg om na die samespel van die ellendige mens en die afwesige God. Die mens mag wel roep dat God Hom verlaat het, maar daar is ook 'n belofte dat God met ons sal wees. Beide moet ernstig opgeneem word en die verhaal maak dit op 'n onvervangbare wyse invoelbaar.[111)]

Die uitstorting van die Heilige Gees

Hartley vertolk die gedagtes van die eksistensia=listies-georiënteerdes as hy sê dat die beskrywing van die uitstorting van die Heilige Gees poëtiese taal is. Dit sou wel moontlik wees dat „these simple men lost their selfconsciousness, and, in their excited attempts to explain their wonderful experience, used Greek words and phrases which the crowd might understand."[112)]

Paulus

Die verhale van Paulus word oor die algemeen so=ber en korrek oorvertel in hedendaagse kinderboeke. Wat die bekering op die weg na Damaskus betref, leer Hartley die kinders dat dit nie moontlik is om presies te sê wat daar gebeur het nie. Wat dit ookal was, Paulus het dit geïnterpreteer as 'n verskyning van Je=sus persoonlik. Wondere wat met Paulus gebeur het, word eenvoudig net weggelaat, bv. die gebeurtenis waar die slang hom gebyt het sonder dat hy enige nadelige

111) Lottmann, I. Ontmythologisering in de praktijk. <u>VERBUM</u>, XXXv(3): pp. 112, 113. Mrt. 1968.

112) Hartley, J. The story of the Scriptures, VI, pp. 18, 19.

gevolge ondervind het.[113]

### 4.3.4 Geloofsleer en sedeleer

Wat die geloofsleer betref, is die algemene neiging „that we can no longer identify religious education with instruction in a particular doctrine of a particu= lar religion, or of a particular denomination. For our concern is with spiritual education."[114]

Hierdie „spiritual destiny" kan nie bereik word deur kennis van formules, deur offers van 'n Lam, deur aanvaarding van 'n geloofsbelydenis, deur uitvoering van rituele nie, maar die opoffering van die ego, deur „self-understanding", deur aankweek van 'n morele kode wat op persoonlike verantwoordelikheid vir keuse en ak= sie rus. Solank as wat ons dade bepaal word deur die eie-ek, deur vereenselwiging met ideologieë, deur mag, prestige, ens. kan daar geen ware vryheid wees nie en dus geen insig in die betekenis van persoonlike verant= woordelikheid nie. Fletcher poneer dat die mens, so= lank hy gedryf word deur impulse en komplekse waarvan hy onbewus is en dus nie kan beheer nie, hy nie as eties-verantwoordelike mens kan optree nie. Die be= tekenis van verantwoordelikheid kan derhalwe nie los= gemaak word van die insig nie dat mens slegs vry kan handel as hy homself word, sy eie ego prysgee en be= wus word van die ware natuur van sy outonomie en krea= tiewe potensialiteite.[115]

113) Ibid., pp. 64, 134.

114) Fletcher, Catherine, op. cit., p.8.

115) Ibid., pp. 7,8.

## 5 Die metode

Tydens die bespreking dusver is daar al soveel oor metode ter sprake gebring dat daar weinig meer te sê oorbly. Tog is daar 'n paar sake wat nog aandag vereis.

### 5.1 Die situasie

Daar is reeds op gewys dat daarvoor gepleit word dat die situasie van die kind 'n beslissende rol moet speel in die aanbieding van die Bybelles. „Het lijkt ons een gezonde stelregel om de Bijbel alleen dan te ope= nen als hij niet uit de lucht komt vallen, maar aan= sluiting kan vinden bij de gegeven situasie."[116)]

### 5.2 Die ontmoeting

Langeveld het beklemtoon dat opvoeding slegs plaasvind binne omgang. Dit lê in lyn met die eksis= tensialistiese tendense van die moderne didaktiek. Die omgang vorm 'n pedagogies gepreformeerde veld om= dat by hom die eintlike opvoedkundige handeling uit die omgang voortkom en na die voltooiing weer daarin terugkeer.[117)] J.W.F. te Woerd sluit hierby aan as hy sê: Sonder die egte omgang as draagster is die op= voeding geen opvoeding meer nie, dog 'n louter van bo-

116) Lottmann, I. & Koenen, H. De Bijbel in de kate= chese - kriterium voor het gebruik. VERBUM, XXXV(3): p. 94, Mrt. 1966.

117) Langeveld, M.J. Beknopte theoretische pedagogiek, p. 32.

af reglementering, 'n stel van reëltjies en beperkende verordening waarby almal oor een kam geskeer word. Die klassikale onderwys kan die ontstaan van 'n dergelike klimaat maklik in die hand werk. Die vraag is nou: Is daar in ons tradisionele Bybelles 'n wederkerige relasie tussen onderwyser en leerlinge? Is daar werklik sprake van 'n ontmoeting?[118)]

In die huidige tyd staan die dialoog in die sentrum van die didatiek, ook in die Godsdiensonderrig. Die gesprek kom steeds na vore. Die waarheid, word gesê, is nie in die sisteem nie, maar in die dialoog te vind, in 'n gemeenskaplike ruimte, die mens van vandag is daarvan bewus dat niemand die waarheid in pag het nie, dat die waarheid almal te bowe gaan en tog onder ons woon. „Men ervaart haar niet in solosang, maar in meerstemmig lied."[119)]

In die lig van bostaande moet die Bybelles dus nie stellend „aangebied" word nie, maar vraenderwys „ontwikkel" word. Daarvoor dien die klasgesprek en die leergesprek. Saam met die leerlinge moet die onderwyser die sin van die verhaal ontdek.[120)]

Klein diskussiegroepe van agt tot tien leerlinge word aanbeveel as ideale sfeer waarin „growth of fel=

118) The Woerd, J.W.F. Katechese en vernieuwing. School en godsdienst, 22(2): pp. 75, 76, Febr. 1968.

119) Schillebeeckx, E. Zwijgen en spreken over God in een gesekulariseerd wereld. Tijdschrift voor Theologie, 7(4): pp. 344, 345, Okt., Nov., Des. 1967.

120) Lottmann, I. Ontmythologisering in de praktyk. VERBUM. XXXV(3); p. 104, Mrt. 1968.

lowship" moontlik is in die Godsdiensonderrig. Dit gee elke leerling die geleentheid tot deelname. Só kom die leerling tot selfontdekking en begrip van situ= asies. Só word selfbegrip en verantwoordelikheid ge= kweek, aldus Catherine Fletcher. „After nearly two years of weekly discussions it seemed that the group were ready to study with fresh and open minds the teaching of the great religious leaders of the world.[121)]

5.3 Die werkopdragte

Die gees van die eksistensieteologie spreek uit die werkopdragte wat aan leerlinge gegee word. By die deurblaai van al die handboekies waarna in hier= die hoofstuk verwys word, val dit op dat die opdragte wat aan die leerlinge gegee word, hoofsaaklik die vol= gende eienskappe toon:

Die klem val sterk op die mens en medemenslikheid. Oor die algemeen adem dit 'n filantropiese gees; selfs die bevegting van anti-semitisme kry 'n plek.

Die verbeelding van die leerlinge word sterk ge= prikkel en dramatisering en toneelskrywery kom dikwels voor.

Van die leerlinge word verwag om die moderne mens in sy situasie te sien; die opdragte word gekenmerk deur aktualiteit en die aankweek van sendingbewussyn. Opdragte is verder op die relevante gemik. Bestaans= verheldering vorm 'n belangrike bestanddeel daarvan;

121) Fletcher, Catherine, op. cit., p. 9.

vrae is op die vraagstukke van die hier en die nou in=gestel.

Die leerlinge word verder in die modernistiese siening van die Skrif gekweek. Daar word ook van die leerling verwag om sy eie geloof te verantwoord teen=oor ander godsdienste. D.m.v. opdragte word geprobeer om 'n begrip vir „verantwoordelike" Bybelkritiek by die leerlinge te kweek. Leerlinge ontvang selfs opdrag=te om Bybelgedeeltes te ontmitologiseer.

Opmerklik is die pogings om die selfstandige denke van die leerlinge te prikkel en hulle tot persoonlike keuse en stellingname aan te spoor.

Ten slotte ontvang die aardrykskundige en oudheid=kundige agtergrond van die Bybel, gewyde sang en memo=risering van Skrifgedeeltes besonder baie aandag, en dan telkens met die klem op relevansie m.b.t. 'n be=paalde Skrifgedeelte of situasie.

## 6 Die onderwyser

Die eksistensialistiese benadering van die Bybel=les eis van die onderwyser: 'n voorbeeldige lewe, ken=nis en begrip van sy leerlinge, kennis en begrip van die wêreldprobleme, kennis van die Skrif en sy bedoe=ling, nederigheid ten einde met sy leerlinge te kan kommunikeer, ywerige belangstelling in die opvoeding, die opvoedkunde, die sielkunde, die moderne didaktiek, die moderne teologie ens., te veel om op te noem. Bo=we-al word van hom verwag bewoënheid vir sy naaste, selfkennis, selfopoffering, bereidheid tot diens, ja

dat hy homself op die altaar sal lê vir die heil van sy naaste wat in die leerling hier voor hom is.[122]

122) Vgl. o.a. Fletcher, Catherine, op. cit. p. 9.